# HOOFSTUK 6

## SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

### 6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n samevatting van die vorige vyf hoofstukke gegee. Daarna word die bevindings wat uit hierdie studie gemaak is, kortliks bespreek. In die laaste gedeelte word aanbevelings met betrekking tot die bevindings gemaak, asook ten opsigte van verdere navorsing.

### 6.2 SAMEVATTING

Hoofstuk 1 handel oor die probleem wat die beginneronderwyser in die skool ervaar, sowel as die probleme wat die skool met die beginneronderwyser het. Hierdie probleme word oor die algemeen toegeskryf aan die diskrepansie wat daar bestaan tussen die opleiding van aspirantonderwysers en die eise van die onderwyspraktyk.

In oorsese lande is begeleidingsmodelle, soos byvoorbeeld internskap, ontwerp om die opleiding en praktyk nader aan mekaar te bring en om die beginneronderwyser te help in die oorbrugging van student na onderwyser, omdat die oorskakeling as 'n krisistyd beskou word, wat beginneronderwysers kan maak of breek.

In Namibië het Die Windhoekse Onderwyskollege hierdie voorbeeld gevolg en sedert 1989 word 'n studentinternskap op 'n eksperimentele basis geïmplementeer.

Die stelsel van internskap, wat aan Die Windhoekse Onderwyskollege gevolg word, het aanleiding gegee tot hierdie navorsing. Die problematiek waarom hierdie navorsing sentreer, is die volgende:

- Is daar 'n rasionaal vir die instelling van 'n stelsel van internskap?

- Aan watter kriteria behoort 'n stelsel van internskap te voldoen, om doeltreffende opleiding moontlik te maak?
- Voldoen die studentinternskapstelsel van Die Windhoekse Onderwyskollege aan die kriteria?

'n Uiteensetting van die metode van navorsing en beplande werkswyse word daarna gegee.

Hoofstuk 2 handel oor Onderwyspraktikum wat deel vorm van die markties-beroepsgerigte komponent van onderwyseropleiding. Ten spyte van die teoretiese en praktiese opleiding wat beginneronderwysers in hulle opleiding ontvang, kom verskeie simptome van praktykskok binne die eerste jaar of twee na praktyktoetrede voor. Uit die bestaande literatuur word die aard van probleme wat ondervind word bepaal, asook die moontlike oorsake van die probleme.

Internskap, as praktykbegeleidingsmodel, word as moontlike oplossing van die probleem in die opleiding van aspirantonderwysers geïdentifiseer. Deeglike besinning oor internskap is egter nodig, voor strukturele verandering aan bestaande onderwyseropleidingsprogramme gedoen kan word.

Hoofstuk 3 kan as besinning oor internskap, as praktykbegeleidingsmodel, gesien word. In die eerste plek word internskap en studentinternskap onderskei en omskryf, asook die persoon of persone wat internskap of studentinternskap deurloop.

In die tweede plek word variasiemoontlikhede van onderwyspraktykbegeleiding in ander lande aan die hand van die Stander-tabel (vergelyk 3.3) oorsigtelik bespreek. Om uit te kom by die vereistes waaraan 'n doeltreffende stelsel van internskap behoort te voldoen, word drie stelsels van internskap meer volledig bespreek. So word 'n duidelike beeld gevorm van 'n doeltreffende stelsel van internskap of studentinternskap.

Derdens word elf kriteria afgelei, waaraan 'n doeltreffende stelsel van internskap behoort te voldoen.

In Hoofstuk 4 word Die Windhoekse Onderwyskollege (WOK) se stelsel van internskap beskryf. Volgens die skrywer se onderskeiding is dit 'n studentinternskap. Die studentinternskapstelsel word volgens die samehangende fases in kurrikulumontwikkeling beskryf, wat die volgende fases insluit: ontwerp, implementering en evaluering, met die gepaardgaande optimalisering voor die volgende implementering.

In Hoofstuk 5 word die WOK-studentinternskap beoordeel aan die hand van die gestelde kriteria in Hoofstuk 3. Die kriteria word omskryf in vrae. Op die meeste vrae is 'n objektiewe "ja" of "nee" antwoord nie moontlik nie. In die inleiding van dié hoofstuk word daarop gewys dat kurrikulum- of vakkurrikulumevaluering, soos hierdie, opsigself min waarde het. Die waarde lê in die bruikbaarheid van die inligting.

## 6.3 BEVINDINGS

### 6.3.1 BEVINDINGS UIT DIE LITERATUURSTUDIE

Uit die literatuurstudie word bevindings gemaak ten opsigte van die rasionaal vir 'n internskap en die eise waaraan 'n internskap of studentinternskap, in die opleiding van onderwysers, behoort te voldoen.

#### 6.3.1.1 Bevindings ten opsigte van 'n rasionaal vir 'n stelsel van internskap (vergelyk 1.3.1).

- Die prakties-beroepsgerigte komponent van onderwyseropleiding se hoofdoel is die verpraktisering van teoretiese insigte, wat in die akademiese en professionele komponente verwerf is. Hierdie doelstelling kulmineer in vakke soos Onderwyskunde of Onderwyspraktykopleiding. Die verbesondering van vaardighede vind plaas in die verskillende vak-

didaktieke. Inoefeningsgeleenthede vir die praktiese vaardighede word voorsien in Onderwyspraktikum of Praktiese Onderwys (vergelyk 2.2).

- Die Onderwyspraktikum behoort geleenthede aan aspirantonderwysers te voorsien, waarin 'n wye verskeidenheid onderwysvaardighede ingeoefen kan word en die reeds verwerfde akademiese en professionele insigte verpraktiseer kan word. Onderwyspraktikum kan in die opleidingsinrigting of in die skoolsituasie plaasvind. Die twee vorme is onderskeidelik bekend as Instituutpraktikum en Skoolpraktikum.

- Instituutpraktikum, wat in die opleidingsinrigting plaasvind, kan op verskillende wyses plaasvind. Tydens Instituutpraktikum kan 'n aantal vaardighede oor 'n relatief kort tydperk gedeeltelik ingeoefen word (vergelyk 2.2.1.1).

- Skoolpraktikum vind in die werklikheid van die skool plaas. Instituutpraktikum word hier inderwaarheid voortgesit. Skoolpraktikum kan ook op verskillende wyses plaasvind, waarvan die bekendste 'n aaneenlopende tydperk van twee tot drie weke is. Alle vaardighede kan in die skoolsituasie ingeoefen word. Sommige is egter reeds gedeeltelik tydens instituutpraktikum verwerf en kan in die skoolsituasie verder ontwikkel (vergelyk 2.2.1.2).

- Ten spyte van al die opleidingsgeleenthede wat aspirantonderwysers kry, ondervind sommige praktykskok gedurende hulle eerste twee jaar van onderwyserwees (vergelyk 2.3).

- Praktykskok manifesteer in allerlei simptome wat dui op probleme (vergelyk 2.3.1). Die probleme wat beginneronderwysers ondervind, kom oor die hele spektrum van onderwyserwees voor (vergelyk 2.3.2).

- Die moontlike oorsake van die probleme, word verdeel in: opvoedkundige en algemene lewenservarings; opleiding van

beginneronderwysers en inskakeling by die skool wat die werklike toetrede tot die praktyk insluit (vergelyk 2.3.3).

- Uit die literatuur blyk dit dat daar 'n beduidende verband is tussen die onderwysers wat dieselfde opleiding aan dieselfde opleidingsinrigting ontvang het en hulle menings oor die opleiding van onderwysers (vergelyk 2.3.3).

- Internskap of studentinternskap as praktykbegeleidingsmodel, voldoen aan die doelstellings vir praktiese onderwys (vergelyk 2.4).

- Die implementering van 'n stelsel van internskap kan groot voordeel inhou vir die aspirantonderwyser, die opleidingsinrigting en die skool (vergelyk 2.4).

- Enige verandering of vernuwing vereis deeglike besinning. Verandering of vernuwing aan 'n bestaande onderwyseropleidingsmodel sal dus ook deeglike ondersoeke meebring, want die klem sal steeds op kwaliteitopleiding moet val en nie op kwantiteit nie (vergelyk 2.5).

6.3.1.2 **Bevindings ten opsigte van kriteria waaraan 'n doeltreffende stelsel van internskap behoort te voldoen (vergelyk 1.3.2).**

- Internskap kan van studentinternskap onderskei word op grond van die lokalisering van die tydperk waarin dit plaasvind. Wanneer die praktykskolingsgeleentheid vóór die finale eksamen afgelê is plaasvind, vind studentinternskap plaas. Vind dit egter plaas nádat die finale eksamen in onderwysersopleiding afgelê is, vind internskap of onderwysinternskap plaas.

- Intern(s) en studentintern(s) is die terminologie wat gebruik word vir die persoon(persone) wat internskap deurloop op 'n bepaalde tyd, dus: gedurende of na die basiese opleiding of finale eksamen by die opleidingsinrigting (vergelyk 3.2.2).

- Daar bestaan 'n groot verskeidenheid onderwyspraktykbegeleidingsmodelle in oorsese lande, waaronder internskap. In 'n vergelykende tabel van Stander (vergelyk 3.3), kom die verskille en ooreenkomste tussen die begeleidingsmodelle duidelik na vore, wat dui op die unieke omstandighede waarvoor elke model ontwerp is (vergelyk 3.3).

- Uit 'n beskrywing van drie stelsels van internskap, kon inligting verkry word oor aspekte wat gelei het tot die sukses, al dan nie, van die stelsel (vergelyk 3.4).

- Hoewel elke internskapstelsel uniek is, is daar algemeengeldende aspekte of kenmerke wat geïdentifiseer kan word as kriteria waaraan 'n doeltreffende stelsel van internskap behoort te voldoen (vergelyk 3.5).

- Die volgende kriteria, waaraan 'n doeltreffende stelsel van internskap behoort te voldoen, kan uit die navorsing afgelei word:

  Daar moet voldoende rasionaal bestaan vir die instelling van internskap (vergelyk 3.5.1).

  Daar moet voldoende wetenskaplike kennis of navorsingsresultate bestaan van internskap (vergelyk 3.5.2).

  Daar moet voldoende finansiële voorsiening wees vir die implementering van internskap (vergelyk 3.5.3).

  Daar moet georganiseerde samewerking wees tussen onderwysbeheerliggame, onderwyseropleidingsentra en skole (vergelyk 3.5.4).

  Daar moet bekwame medewerkers beskikbaar wees (vergelyk 3.5.5).

Daar moet kontinuïteit in die onderwyseropleiding wees (vergelyk 3.5.6).

Daar moet doelgerigte kurrikulumbeplanning plaasvind (vergelyk 3.5.7).

Daar moet funksionele toepassing van noodsaaklike samehangende kurrikulumontwerpbeginsels in die ontwerp wees (vergelyk 3.5.8).

Die ontwerpte internskapstelsel moet implementeerbaar wees (vergelyk 3.5.9).

Daar moet evaluering, hersiening en herimplementering van die internskapstelsel wees (vergelyk 3.5.10).

Die tydperk van internskap moet lank en aaneenlopend wees (3.5.11).

### 6.3.2 BEVINDINGS UIT DIE BESKRYWENDE NAVORSING

Inligting om Die Windhoekse Onderwyskollege se stelsel van internskap te beskryf (vergelyk 1.3.3), is verkry uit die bestudering van dokumentasie, onderhoude met belanghebbendes en persoonlike waarneming.

- Die WOK se stelsel van internskap blyk 'n studentinternskapstelsel te wees, volgens die skrywer se onderskeiding van internskap en studentinternskap (vergelyk 3.2.1), omdat die praktykskoling voor die finale eksamen van die aspirantonderwysers plaasvind (vergelyk 4.1).

- Die stelsel van studentinternskap van die WOK kan beskryf word volgens die samehangende fases van kurrikulumontwikkeling, naamlik: ontwerp, implementering en evaluering (vergelyk 4.1).

- Die Onderwyspraktikum van die WOK moes geherstruktureer en aangepas word om die implementering van die studentinternskap, wat oor twee kwartale strek, te akkommodeer (vergelyk 4.2).

- Die inisiatief vir die ontwikkeling van 'n studentinternskapstelsel het uit die opleidingsinrigting self gekom en is ondersteun deur die eertydse regering, wat die onderwys van die Blankes in die land beheer het (vergelyk 4.3).

- Die studentinternskapstelsel is ontwerp volgens die meeste vakkurrikulumbeginsels, naamlik die bepaling van: doelstellings (vergelyk 4.4.1), leerinhoud (vergelyk 4.4.2), metodologiese riglyne (vergelyk 4.4.3) en evalueringsriglyne (vergelyk 4.4.4).

- Die WOK se studentinternskapstelsel is vir die eerste keer in 1989 op 'n eksperimentele basis geïmplementeer (vergelyk 4.5).

- Na afloop van die eerste implementeringsfase is die stelsel op versoek van die Onderwyspraktikumkomitee, deur die WOK geëvalueer by wyse van 'n vraelysondersoek (vergelyk 4.6). Die vraelysondersoek het al die betrokke skoolhoofde van die primêre skole, tutoronderwysers, vakdidaktiekdosente van die WOK en studentinterns ingesluit.

  Sover dit prakties moontlik was vir die opleidingsinrigting, is die studentinternskap geoptimaliseer voor die stelsel vir 'n tweede keer geïmplementeer is (vergelyk 4.6).

### 6.3.3 BEVINDINGS UIT DIE EVALUERING (vergelyk 1.3.4)

Uit die evaluering van die WOK se stelsel van studentinternskap, gemeet aan die kriteria vir 'n doeltreffende stelsel van internskap/studentinternskap, is die volgende bevind:

- Kurrikulum- en vakkurrikulumevaluering het opsigself min waarde. Die waarde lê in die bruikbaarheid van die inligting. Die evaluering van die WOK se studentinternskapstelsel, as 'n vakkurrikulumevaluering, behoort bruikbaar te wees vir die WOK, die Onderwysowerheid in Namibië en alle ander onderwyseropleidingsinstansies en onderwysowerhede.

  Die inligting kan lei tot formatiewe besluite ter verbetering van die WOK se studentinternskapstelsel en tot verantwoordbare besluitneming rakende die voortbestaan van die stelsel, aangesien die finale besluit nog nie geneem is nie (vergelyk 5.1).

- Daar was 'n rasionaal vir die instelling van die studentinternskap aan die WOK, hoewel die rasionaal nie op navorsing rakende die unieke omstandighede van onderwyseropleiding aan die WOK of behoeftes van die onderwyspraktyk in die eertydse Suidwes-Afrika (nou Namibië) berus het nie (vergelyk 5.2.1).

- Navorsing is gedoen ten opsigte van die rol van die tutoronderwyser en redes waarom internskap oorsee nie altyd so geslaagd was nie. Essensiële navorsing soos in die vorige paragraaf en paragraaf 5.2.2 genoem is, is egter nie gedoen nie. Daar was dus inderdaad nie genoeg wetenskaplike inligting beskikbaar vir die ontwerp van 'n suksesvolle stelsel van studentinternskap nie.

- Aanvanklik was daar voldoende fondse beskikbaar vir die implementering van die studentinternskap. Na onafhanklikheid het die verhoogde beursgeld van R1 000 in die derde en vierde jaar weggeval. Gelukkig is daar tans nog genoeg fondse beskikbaar om die oorblywende koste, verbonde aan die studentinternskap, te dra (vergelyk 5.2.3).

- Voor, gedurende en na die WOK-studentinternskap vir die eerste keer geïmplementeer is, is samewerkingsgeleenthede ge-

skep waarin die Onderwysdepartement, WOK en betrokke skole betrek is. In 'n vraelysondersoek na afloop van die implementeringsfase, het dit egter geblyk dat daar steeds nie genoeg samewerking bestaan het nie. Die kontakgeleenthede tussen vakdidaktiekdosente en studentinterns, wat ook meer kontak met die betrokke skole impliseer, is daarna uitgebrei na een kontak elke twee weke. Die sukses hiervan is nog nie bepaal nie. Daar is dus bevind dat daar georganiseerde samewerking tussen die drie instansies bestaan, hoewel dit nie duidelik is of dit bevredigend vir die instansies is nie (vergelyk 5.2.4).

- Aan die begin van 'n studentinternskapfase is daar altyd genoeg bekwame medewerkers beskikbaar om die nodige begeleidingshulp aan studentinterns te verleen. As gevolg van personeelwisseling gedurende die tydperk, wat 'n einde en begin van 'n kalenderjaar en akademiese jaar insluit, kan die posisie egter verander (vergelyk 5.2.5).

- Daar is 'n mate van kontinuïteit in die opleidingsprogram van die WOK. Die studentinternskap is egter nie as 'n eenheid met die Onderwyspraktikum beplan nie. Die voor- en indiensopleiding van onderwysers in Namibië is ook nie formeel as 'n eenheid beplan nie (vergelyk 5.2.6).

- 'n Eksplisiete situasie-analise, wat behoeftebepaling ten opsigte van die besondere situasie van onderwyseropleiding aan die WOK insluit, is nie in die ontwerpfase van studentinternskap gedoen nie. Min kurrikulummateriaal is ontwikkel. Enkele inligtingstukke wat aan die eerste groep tutoronderwysers beskikbaar gestel is, is die enigste implementeringsgids of vakhandleiding wat bestaan (vergelyk 5.2.7). Al die vakkurrikulumbeginsels is dus nie in die ontwerpfase toegepas nie.

- By gebrek aan 'n situasie-analise is geen faktore bepaal wat

die doelstellings determineer nie. Samehang kan in 'n mate tussen die vakkurrikulumbeginsels wat bestaan, aangetoon word. Die ontwerpbeginsels gemeet aan algemene kriteria toon dat funksionaliteit dikwels ontbreek (vergelyk 5.2.8).

- Die studentinternskap is implementeerbaar, hoewel die sukses ten opsigte van die algemene doelstellings nog nie bepaal is nie (vergelyk 5.2.9).

- Die studentinternskap is onderwerp aan evaluering en hersiening voor herimplementering. Evaluering en optimalisering vind ook tydens implementering plaas (vergelyk 5.2.10).

- Die tydperk van studentinternskap aan die WOK kan as 'n lang tydperk beskryf word, aangesien dit oor twee kwartale strek. Die lokaliteit van die tydperk veroorsaak egter diskontinuïteit in die opleiding. Die lang Kersvakansie van vyf weke het waarskynlik ook 'n nadelige invloed op die gesindheid van studentinterns (vergelyk 5.2.11).

## 6.4 AANBEVELINGS

### 6.4.1 ONDERWYSEROPLEIDING

Probleme wat aanleiding mag gee tot praktykskok (vergelyk 2.3.2) en die geïdentifiseerde moontlike oorsake van die probleme (vergelyk 2.3.3), behoort nie sonder meer verontagsaam te word nie. Tog is dit ewe waar dat al die leemtes nie by alle onderwyseropleiding voorkom nie, as gevolg van die unieke aard van elke opleidingsinrigting se kurrikula, binne 'n bepaalde kriteria. Elke onderwyseropleidingsinrigting behoort derhalwe ondersoek in te stel na probleme wat mag voortspruit uit die inrigting se kurrikula en wyse van implementering. Op 'n verantwoordelike wyse behoort daar dan na oplossings gesoek te word, in die beste belang van opvoedende onderwys.

### 6.4.2 ONDERWYSPRAKTIKUM

Hierdie komponent in onderwyseropleiding is so belangrik, dat meer aandag hieraan gegee behoort te word, in die werklikheid van die klaskamer, onder leiding van georganiseerde, doelgerigte begeleidingshulp van beide die opleidingsinstansie en die skool. Die tydperk vir hierdie praktykskoling behoort uitgebrei te word, sodat die aspirantonderwyser geleentheid kry om geleidelik ingelyf te word in die skoolpraktyk. Hierdie inlywing behoort gebaseer te word op die beginsel van selfwerksaamheid en eie ervaring. Dit behoort die aspirantonderwyser geleentheid te gee om sy teoretiese kennis in die praktyk te implementeer en so vertroud te raak met die praktyk, sodat die oorbrugging tussen studentwees en onderwyserwees meer natuurlik kan verloop.

### 6.4.3 KURRIKULERING EN VAKKURRIKULERING

Kurrikulering en vakkurrikulering bepaal in 'n groot mate die sukses van die opleiding. Hierdie take behoort in onderwyseropleiding hoë prioriteit te geniet, omdat daar doelgerig na vooraf bepaalde doelstellings beweeg moet word in die opleiding. Die doelstellings is alleen bereikbaar as daar op 'n sistematiese en wetenskaplik verantwoordbare wyse, voortdurende beplanning, implementering en evaluering plaasvind. In die kurrikuleringsproses behoort daar gestreef te word na breedte, balans, relevansie, kontinuïteit en differensiasie.

### 6.4.4 INTERNSKAP

Uit die besinning oor internskap, as voorbeeld van 'n onderwyspraktikumbegeleidingsmodel, het die moontlikhede van 'n alternatiewe wyse van opleiding, op die voorgrond getree. Dit is dus aan te beveel dat navorsing gedoen word oor verdere moontlikhede wat begeleidingsmodelle mag hê, met die oog op verbetering van die bestaande onderwyseropleidingsmodelle hier in Namibië en in die RSA.

### 6.4.5 STUDENTINTERNSKAP AAN DIE WOK

Die studentinternskap aan die WOK het bepaald groot waarde vir die opleidingsinrigting, studentinterns en skoolpraktyk. Hierdie noue samewerking werk ook bevrugtend in op die onderwys as professie in Namibië. Dit is dus aan te beveel dat die proses van studentinternskapontwikkeling steeds sal voortgaan en die stelsel verder verfyn en verbeter sal word. Noodsaaklike empiriese ondersoeke behoort egter so gou moontlik afgehandel te word, sodat verantwoordelike besluitneming kan plaasvind in belang van opvoedende onderwys.

## 6.5 MOONTLIKE ONDERWERPE VIR VERDER STUDIE

Vir verdere navorsing kan die volgende oorweeg word:

- 'n Empiriese ondersoek na die inskakeling en taakaanvaarding in die praktyk van WOK-beginneronderwysers wat die studentinternskap deurloop het.

- Die invloed van die implementering van 'n internskap of studentinternskap op die skoolorganisasie, die leerlinge, die aspirantonderwyser, tutoronderwyser en onderwyseropleidingsinstansie.

- Verdere moontlikhhede van internskap of studentinternskap as alternatief of aanvulling tot die bestaande opleiding van onderwysers.

- Evaluering van bestaande onderwyseropleidingskurrikula en vakkurrikula, met die oog op die verbetering van onderwyseropleiding in die algemeen en praktykgerigte opleiding in die besonder.

## 6.6 SLOTOPMERKING

In hierdie studie het dit geblyk dat daar bepaalde probleme

voorkom in die oorbrugging van studentwees na onderwyserwees, wat dui op moontlike leemtes in die opleidingsproses. In 'n poging om die probleme te voorkom is verskillende modelle van internskappe en studentinternskappe reeds geïmplementeer.

Die Windhoekse Onderwyskollege het hierdie voorbeeld gevolg. 'n Studentinternskap is ontwikkel en word tans op 'n eksperimentele basis geïmplementeer.

Hierdie studentinternskap is in hierdie studie geëvalueer aan die hand van 'n afgeleide kriteria, waaraan 'n doeltreffende stelsel van internskap of studentinternskap behoort te voldoen.

Die evaluering is gedoen met die oog op verantwoordelike formatiewe en summatiewe besluitneming oor die WOK-studentinternskap in die besonder en internskappe of studentinternskappe in die algemeen.